www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUA

**Paper 0548/01**
**Reading and Writing**

## Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In Oefening 1: Skryf bondige antwoorde wat duidelike begrip van die vrae toon.
- In Oefening 2: Identifiseer die verlangde inligting in die bronteks en dra dit akkuraat op die vorm oor.
- In Oefening 3: Lees die bronteks, die voorbeeld-antwoord en die opskrifte vir antwoorde noukeurig deur en maak kernagtige aantekeninge.
- In Oefening 4: Skryf ’n kernagtige opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde.
- In Oefening 5 en 7: Gebruik die verlangde formaat en lewer ’n skryfstuk wat uit samehangende paragrawe bestaan en goed by die onderwerp aansluit.

## Algemene kommentaar en kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1

- Kandidate het hierdie vrae oor die algemeen goed beantwoord.
- Kandidate moet herinner word dat hulle genoeg inligting in hul antwoorde moet gee. Vir **vraag 1** het sommige byvoorbeeld net “melk” in plaas van “slegte melk” of “melk van ’n lae kwaliteit” geskryf.
- Wanneer kandidate soos in **vraag 3** gevra word hoe twee goed verskil, moet hulle na albei in hul antwoord verwys. Punte is vir “(eers) wyn” en “(nou) koeldrank” toegeken.

### Algemene riglyne:

- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. (Gelukkig kom dit minder gereeld voor as in die verlede.)
- Moenie antwoorde met ’n voegwoord begin nie. As kandidate byvoorbeeld gevra word hoe ons weet die koning het van pizza gehou, moet hulle nie sê “Omdat hy pizza in die arm woonbuurt gaan eet het” nie; hulle moet net sê: “Hy het pizza in die arm woonbuurt gaan eet.”
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Kandidate wat geneig is om twee of drie sinne woordeliks uit die teks oor te skryf omdat hulle hoop die korrekte antwoord gaan êrens daarin wees, moet aangemoedig word hul antwoorde te verfyn. As die regte antwoord volg op een of twee of selfs drie ingedrukte sinne wat niks met die antwoord te doen het nie, gaan geen punt toegeken word nie, omdat dit duidelik is dat die kandidaat nie eintlik weet wat die regte antwoord is nie.
- Kandidate moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met ’n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie reëls per gegewe reël in te druk nie.

### Oefening 2

- Die meeste kandidate het die vorm baie goed ingevul.
- Kandidate moet herinner word om iets soos ’n adres reg neer te skryf, byvoorbeeld “Groenstraat 17” en nie “17 Groenstraat” of “Groen straat 17” nie. Slegs ’n adres wat perfek neergeskryf is, kry ’n punt. E-posadresse moet ook 100% reg geskryf word, byvoorbeeld nie “Laura 100 @ gmail.com” wanneer dit Laura100@gmail.com moet wees nie.
- Die enigste antwoord waarmee heelwat kandidate gesukkel het, was die aanduiding van hoe gereeld die persoon betrokke by kulturele aktiwiteite by die skool is. Verskeie kandidate het “1 tot 2 dae ’n week” in plaas van “3 tot 4 dae ’n week” geantwoord.
- Kandidate moet herinner word dat hulle nie die skryfwyse van getalle en die datum moet verander nie. As ’n geboortedatum byvoorbeeld in die teks as “1 September 1998” gegee word, moet hulle dit


© 2014
PA CAMBRIDGE

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

verkieslik nie as "1998/09/01" gaan skryf nie. Hierdie aktiwiteit toets kandidate se verm akkuraat te lees en inligting akkuraat weer te gee; nie hul vermoë om getalle volgens hul voorkeur te herskryf nie.

- Daar word nie van kandidate gevra om in slegs hoofletters te skryf nie en verkieslik moet hulle doen nie, want daar word juis ook getoets of hulle inligting presies korrek kan oorskryf (met hoof- kleinletters soos gegee).

**Oefening 3**

- Kandidate het meestal goed tot baie goed gevaar in hierdie oefening.
- Baie kandidate het die twee punte by **(a)** gekry, behalwe as hulle by die eerste antwoord net "padbouwerke" in plaas van "tydens padbouwerke" geskryf het.
- Alhoewel talle kandidate goed gevaar het, het kandidate wat by **(b)** net na dinosourusse verwys het, hul punte verbeur. Dit moes duidelik wees dat hulle antwoorde op dinosourusse en mense betrekking het.
- By **(c)** het die meeste kandidate goed gevaar, behalwe as hulle nie die woorde "kenmerke" en "volwasse" verstaan het nie.

**Algemene riglyne:**

- Kandidate moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoef te skryf nie. Hulle moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan selekteer. Die ander uiterste is egter ook nie aanvaarbaar nie: in die meeste gevalle is dit nie voldoende om 'n enkele woord per reël te skryf nie. 'n Woord soos "tande" in plaas van "word sonder tande gebore" of "het nie tande nie" by **(c)** is duidelik onvoldoende.
- Alle kandidate moet woorde soos "kenmerke", "ooreenkomste" en "verskille" ken.

**Oefening 4**

- Alhoewel sommige kandidate die opsomming goed hanteer het, het veel voor die versoeking geswig om sinne of sinsdele direk uit die teks neer te skryf. Kandidate wie se hele opsomming 'n woordelikse herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, gaan hoogstens een punt verdien. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)
- Dit is belangrik dat kandidate die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

**Oefening 5**

- Alhoewel daar talle besonder goeie skryfstukke was waarin kandidate doeltreffend oor die onderwerp geskryf het, het sommige kandidate in plaas van 'n brief 'n resensie of artikel oor 'n film geskryf.
- Kandidate moet herinner word om noukeurig ag te slaan op die riglyne wat verskaf word:

  – *die naam en besonderhede van die film*
  – *watter aspekte daarvan hulle geniet het*
  – *waarom hulle dink hulle maat daarvan sal hou.*

  In enige goeie skryfstuk moet al drie riglyne gedek word.

- Sommige kandidate het 'n lang relaas oor die film se storie geskryf, wat onnodig was.
- Kandidate moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie 'n bevredigende beeld van hul skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie, en skryfstukke wat ver te lank is, word net gelees (en bepunt) tot kort na die 200 woorde-perk.
- Kandidate moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van die drie middelste paragrawe dien.
- Kandidate moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van 'n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.
- Dit was verblydend hoeveel kandidate woorde soos "storielyn", "riller" en "aksieprent" goed kon gebruik. Verskeie kandidate het egter van "akters" en "aktresse" in plaas van "akteurs" en "aktrises" gepraat.


© 2014
PA CAMBRIDGE

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

- Behalwe die algemene foute (sien onder) wat tweede- en derdetaalsprekers tipies bega probeer vermy, moet kandidate aandag aan die gebruik van leestekens (veral die komma "want" en "maar" en tussen gesegdes) en hoofletters (veral aan die begin van 'n sin) gee. Di nie aanvaarbaar om Engelse woorde en uitdrukkings te gebruik nie.

**Algemene aspekte wat aandag verdien:**

- die gebruik van volsinne
- die verskil tussen "hoe" en "hou"
- die verskil tussen "sal" en "wil"
- die gebruik van "lyk" en "hou van"
- die gebruik van "toe", "dan" en "wanneer"
- die gebruik van besitlike en persoonlike voornaamwoorde
- die gebruik van "lewe", "lief", "lyf"
- die gebruik van "so" in plaas van "dus".

**Oefening 6**

- **Vraag 1:** Die meeste kandidate het twee punte hier gekry.
- **Vraag 2:** Die meeste kandidate het een punt gekry omdat hulle slegs gesê het die skrywer het besef hy wil 'n kortverhaal oor so iemand skryf, terwyl hulle ook moes noem dat hy sy hoofkarakter (Precious Ramotswe) op haar gebaseer het.
- **Vraag 3:** Hierdie vraag is goed beantwoord alhoewel sommige kandidate die punt verbeur het deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop die antwoord skuil êrens daarin. Hulle moes duidelik noem dat McCall Smith oor doodgewone goed skryf.
- **Vraag 4:** Te veel kandidate het slegs een in plaas van twee punte gekry omdat hulle nie 'n poging aangewend het om hul eie woorde te gebruik nie. Hulle moes noem dat McCall Smith die positiewe en die negatiewe aspekte van Afrika beskryf sodat mense nie net 'n negatiewe beeld van Afrika het nie.
- **Vraag 5:** Talle kandidate het hierdie vraag met 'n direkte aanhaling uit die teks beantwoord ("'n goeie bewys van die talente van die regisseur en sy span") en toe geen punt behaal nie omdat dit nie 'n logiese antwoord is nie. Hulle moes noem dat die regisseur (en sy span) uitstekend was.
- **Vraag 6:** Die meeste kandidate het een punt (in plaas van twee) gekry omdat hulle nie hard genoeg probeer het om hul eie woorde te gebruik en dus ware begrip te toon nie. Hulle moes noem dat McCall Smith positief oor Suid-Afrika voel weens mense se warmte/humorsin, maar bewus van negatiewe dinge soos misdaad/korrupsie is. Sommige kandidate het slegs die woorde "humorsin en warmte" neergeskryf, en dan natuurlik geen punt gekry nie omdat dit nie McCall Smith se houding teenoor Suid-Afrika beskryf nie.

**Algemene riglyne:**

- Kandidate moet hard probeer om die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks te gebruik.
- Twee punte vereis twee feite.
- Kandidate wat vrae in hul eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Moenie antwoorde met 'n voegwoord begin nie.
- Sommige kandidate verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.

**Oefening 7**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate goed oor hierdie onderwerp kon skryf. 'n Redelike klein hoeveelheid kandidate het ongelukkig een van die sewe uitsprake wat gegee word, as onderwerp gekies en slegs daaroor geskryf.

Algemene riglyne ten opsigte van die styl/aanbieding van die skryfstukke:

- Die register moet by 'n koerantartikel pas.
- Skryf 'n treffende openingsparagraaf.
- Gee aandag aan paragraafverdeling.
- Sluit die skryfstuk met 'n goeie slotparagraaf af.


© 2014
PA CAMBRIDGE

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/02**
**Listening**

## Kernwenke

Ten einde goed in hierdie eksamen te vaar, behoort die kandidate die volgende te doen:

- In **Oefening 1** en **Oefening 2** moet kandidate nie slegs baie aandagtig na die teks luister nie, maar ook al die vrae op die vraestel baie aandagtig lees om gepas te antwoord.
- In **Oefening 3** en **Oefening 4** moet kandidate probeer om korrek te skryf om te bewys dat hulle die luisterteks verstaan het.

## Algemene kommentaar

Die antwoorde van 'n groot persentasie van die kandidate wat hierdie luisterbegripvraestel beantwoord het, toon dat hulle gesproke Afrikaans goed verstaan. 'n Bemoedigende aantal het volpunte behaal en talle ander het slegs enkele vrae verkeerd beantwoord.

Kandidate wat dalk min blootstelling aan gesproke Afrikaans het en wie se woordeskat beperk is, het dit egter moeilik gevind om die praatjie en drie gesprekke te volg en onbevredigende punte behaal. Dit is noodsaaklik dat laasgenoemde kandidate meer dikwels blootstelling moet kry aan gesproke Afrikaans, ook deur byvoorbeeld na radio- en TV-programme te luister en te kyk, of na Afrikaanse musiek te luister. Aangesien die swak kandidate baie woorde wat hulle hoor, nie herken het nie en dit vir hulle geen betekenis gehad het nie, het hulle dikwels in **Oefeninge 3** en **4** net 'n aantal opeenvolgende letters neergeskryf om die klanke wat hulle gehoor het, te verteenwoordig.

Vir **Oefeninge 3** en **4** moes die kandidate hul antwoorde in woorde neerskryf (soms is slegs een woord vereis en soms 'n frase of sin/ne). Hulle is nie vir spelling of grammatikafoute gepenaliseer nie, tensy dit nie duidelik was uit die geskrewe antwoord dat die vraag wel verstaan is nie, al het hulle miskien reg gehoor. Op die vraestel word gesê dat die vrae in Afrikaans beantwoord moet word; dus is 'n antwoord nie aanvaar as dit in Engels gegee is nie.

Kandidate moet aangemoedig word om so netjies moontlik te werk. Indien antwoorde eers in potlood geskryf is en daarna met 'n pen oorgegaan is, moet die potloodskrif baie goed uitgevee word.

## Kommentaar op spesifieke vrae

### Oefening 1: Vrae 1–6

Oor die algemeen is die oefening goed verstaan. Talle het volpunte behaal vir die oefening. Baie kandidate het gefouteer by **vraag 1**. Hulle het daar nie fyn genoeg geluister nie en die woorde "meer as" nie raak gehoor nie. Ook **vraag 5** is baie dikwels verkeerd gemerk as "waar". Dis nie die "peule" wat gerooster word nie, maar die "bone".

### Oefening 2: Vrae 7–11

Die kandidate het hierdie oefening die maklikste gevind en die meeste het goed gevaar hierin. Hoewel hulle goed moes luister om die gepaste antwoord uit die vier moontlikhede te kies, het die moontlike antwoorde (afleiers) waaruit gekies moes word vir **vrae 7–11**, vir elke vraag slegs oor een spesifieke voëlsoort gegaan. Elke voëlsoort in die teks is afsonderlik bespreek. Die meeste kandidate het **vrae 7** en **8** korrek beantwoord. **Vraag 11** oor kolganse is dikwels verkeerd beantwoord.



© 2014
PA CAMBRIDGE

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

**Oefening 3: Vrae 12–18**

Hierdie teks was langer en die leerders moes hul eie antwoorde invul. Hulle het die gesprek oor die algemeen redelik goed verstaan, maar dit was opmerklik dat hulle **vraag 13** dikwels nie goed gelees het nie en daar ook weer ’n tyd ("matriek") as antwoord gegee het in plaas van 'n "publikasie" omdat in **vraag 12** ’n tyd gevra is.

Min kandidate het **vraag 18** reg beantwoord, onder andere omdat die woord "onregverdig" waarskynlik nie deel van hul woordeskat is nie en dit dus nie herken of verstaan is toe hulle die woord gehoor het nie. Sommige kandidate kyk waarskynlik nie goed na die inleidende sin van die vraag nie en antwoord soms in lang sinne, terwyl slegs ’n woord of paar woorde vereis word, of hulle herhaal woorde in die antwoord, bv. "die boeke gaan oor liefde en musiek gaan".

**Oefening 4: Vrae 19–26**

Bekwame kandidate het die teks baie goed verstaan, terwyl ’n aantal swak gevaar het in hierdie oefening hoewel hulle dalk verstaan wat hulle hoor, maar hulle nie verstaanbaar in Afrikaans kan uitdruk nie, as gevolg van ’n gebrekkige woordeskat en swak grammatikakennis,

Somige kandidate weet nie hoe die voornaamwoorde "hy", "sy", "hom" gebruik moet word nie.

Dit is baie opmerklik dat die woord "skopfiets" vir die meeste kandidate ’n onbekende woord is. **Vraag 21** is dus baie swak beantwoord.

Daar is ook dikwels gefouteer met vraag 22. Party kandidate het as antwoord op die vraag oor Siswe se "karaktertrekke" geskryf dat dit Johannesburg en Durban is.

Daar is ook gesukkel met die heel laaste vraag van die vraestel (**vraag 26**) omdat sommige kandidate nie in hul antwoorde gefokus het op die "aantal" meisies nie.



© 2014
PA CAMBRIDGE

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAG

**Paper 0548/05**
**Oral**

**Key message**

In order to do well in this examination, candidates should:

- consider the issue raised in their Oral Assessment Card and their own reaction(s) to it
- be ready to engage in a natural and spontaneous discussion
- be prepared to take the lead in the conversation.

**General comments**

All Examiners were excellent at putting the candidates at ease; most conducted the tests well, prompting canidates by asking appropriate questions, which led to spontaneous responses and engaging conversations.

Many candidates gave good performances and produced well-developed answers using a wide range of vocabulary. They covered a wide range of ideas and were able to express themselves naturally and spontaneously without hesitation. The bullet points on the cards prompted most candidates to engage in interesting discussions with the examiners and nearly all could answer most of the questions asked; some candidates needed slight prompting, but the majority were able to elaborate on their responses.

Centres are reminded of the importance of following the instructions in the Teacher's Notes. Candidates must not give presentations but have conversations about the bullet points on the card with the Examiner to show they can respond spontaneously to changes in the direction of the conversation. Examiners must intervene as soon as candidates start to deliver a monologue – if not, it will end up costing the candidates marks for Fluency and in other categories. Each test should last approximately 15 minutes; some tests fell significantly short of the stipulated time, resulting in candidates losing out on the opportunity to increase their marks. Marking was not always carried out satisfactorily and some tests did not or did not consistently follow the format specified in the syllabus.

Nearly all the recordings were clear and documentation was clearly labelled in accordance with guidelines set out in the syllabus and the Teacher's Notes, and Centres are commended for this.



© 2014
PA CAMBRIDGE